MPUMALANGA JEUGSKOU

NOTULE VIR VERGADERING GEHOU OP

1 NOVEMBER 2011

1. **<u>Opening:</u>**
   Mnr. Frans Joubert open met gebed.

2. **<u>Verwelkoming:</u>**
   Mnr. Frans Joubert heet almal hartlik welkom en in die besonder Me. Yolandie van der Merwe van Lydenburg.

3. **<u>Presensie:</u>**
   Die volgende persone is by die vergadering teenwoordig:
   a) Me. Y. van der Merwe;

b) Mnr. P.J. Haarhoff;
c) Me. S. Janse van Niewenhuizen;
d) Mnr. K. Janse van Niewenhuizen;
e) Me. K. Beukes;
f) Me. R. Prinsloo;
g) Mnr. M. Slabbert;
h) Mnr. W. Le Roux;
i) Mnr. F. Joubert.

4. <u>Sake voortspruitend uit die Nasionale Vergadering:</u>

Mnr. Frans Joubert gee die volgende terugvoer na die Nasionale Jeugskou Vergadering.

Daar was baie negatiwiteit oor die kinders van die Mpumalanga Jeugskouspan wat op die trokke vervoer was asook oor die gebruik van alkohol tydens die skou.

Daar was ook probleme ondervind met die Veeartsertifikate. Dit moet nie net bloot beskikbaar wees nie, maar moet ingehandig word.

'n Besluit is ook geneem dat daar van volgende jaar af, twee beoordeelaars per klas sal wees. In hierdie verband sal daar dan ook beoordeelaarskursusse gehou word. Belangstellendes kan Mnr. Joubert in kennis stel.

'n Probleem het ontstaan nadat 'n beoordeelaar 'n kind, welke met 'n bok geskou het, meegedeel het dat indien die kind met 'n ander ras bok geskou het, die kind sou gewen het. Ouers was ongelukkig oor die uitlating, maar het Me. Yolandi van der Merwe daarop gedui dat die bok dalk moontlik nie raseg was

nie. Die handleidings noem pertinent dat diere raseg moet wees. ‘n Verdere punt word genoem dat daar ook gekyk moet word dat elke dier by die kind wat hom gaan skou moet pas.

‘n Gevoel het ook onder beoordeelaars ontstaan dat ouers harder skou as die leerders. Ouers moet versigtig wees en kinders herinner dat dit nie net oor die wen gaan nie, maar ook aan die ondervinding en die deelname.

Tydens die Nasionale Jeugskou Vergadering was ‘n voorstel gemaak dat daar, veral met die skape, ‘n poelstelsel geskep moet word waarin een persoon skape voorsien en elke provinsie dan ‘n lootjie trek en ‘n aantal skape vir die skou sal ontvang. Mnr. Le Roux noem dat hy nie die poelstelsel teen staan nie, maar dat elke persoon steeds die voorreg moet behou om sy eie dier te bring. Indien hy as persoon bereid is om die kostes aan te gaan om sy dier te vervoer, dit sy voorreg is om met sy eie dier te skou. Me. Van der Merwe voel verder dat alle diere in ‘n poel nie noodwendig van dieselfde gehalte is of ewe veel aandag ontvang nie. By vorige skoue byvoorbeeld was sommige van die diere geskeer, terwyl ander nie eers gewas was nie. Die algehele besluit is dus geneem dat die poelstelsel beskikbaar is vir diegene wat nie die kostes van vervoer wil aangaan nie, maar dat elke persoon steeds die voorreg behou om met sy eie dier te gaan skou.

Mpumalanga is dan ook betug oor die feit dat daar nie by afsnytye gehou word nie. Mnr. Joubert dui aan dat hy sukkel om samewerking te kry en dat nie almal hom betyds laat weet welke hulle skou gaan bywoon al dan nie. Die afsnydatum vir die aansoeke vir die Nasionale Jeugskou is 15 Augustus en word

‘n besluit geneem dat sou ‘n aansoekvorm teen einde Julie nog nie ontvang gewees het nie, dit outomaties aanvaar word dat daardie persoon of persone nie die skou gaan bywoon nie.

Van volgende jaar af moet alle bulle ouer as 12 maande neusringe in hê.

Daar sal van nou af drie ouderdomsgroepe wees, naamlik 6 tot 10 jaar, 11 tot 14 jaar en 15 tot 19 jaar. Die ouderdomsgroep 6 tot 10 jaar sal ook nie meer toets skryf nie. Groepsklasse verander ook en sal daar nou twee groepsklasse wees, naamlik Junior en Senior groepsklasse.

Volgende jaar se Nasionale Jeugskou sal plaasvind in Clanwilliam in die Wes-Kaap. Voorlopige kostes beloop R230.00 per kind per inskrywing en R180.00 per dag vir verblyf.

Breyten het aangebied om video’s te maak van elke diereklas. Die video van die hoenders is reeds beskikbaar.

Elke provinsie moet ‘n lys van beoordeelaars saam stel om sodoende ‘n groter verskeidenheid van beoordeelaars vir Nasionaal beskikbaar te stel.

<u>Mpumalanga Beoordeelaars:</u>

<u>Perde:</u>
Nick Jooste
Kiewiet Oberholzer
Seef Kleyn
Alta Kleyn
Anette le Roux

<u>Melkbeeste:</u>
Karlien van Rensburg
Niel van Rensburg
Yolandi Louw

Vleisbeeste:	Skape:
Faans van der Merwe	Johannes Klopper
Nicolette de Klerk (NW)	George Latski
James Prinsloo	Attie du Toit

Bokke:	Konyne:
Lucille Slabbert	Sonja Coetzee
Emily Böhmer	Cornelia Hart

Varke:	Hoenders:
Huidiglik niemand	Huidiglik niemand

5. <u>Provinsiale Aangeleenthede:</u>

<u>5.1 Verkiesing van Komiteelede:</u>

Voorsitter & Perde	Mnr. Frans Joubert
Ondervoorsitter & Nasionale Verteenwoordiger & Melkbeeste	Mnr. P.J. Haarhoff
Skape	Me. Wiana Eksteen
Pels	Me. Alta Kleyn

Pluimvee	Mnr. Jaco Stevens
Tuisnywerheid	Me. Magdel Prinsloo
Bokke	Me. Misty van Wyk
Suiwelbereiding	Me. Santie Meyer
Vleisbeeste	Mnr. Kallie Prinsloo
Sekretaresse	Me. Karien Beukes

5.2 Mpumalanga Kleure:

Mnr. Le Roux noem dat ons moet versigtig wees dat ons kleure nie goedkoop raak nie. Hy beveel aan dat ons moontlik net vir die 6 – 10 jariges sertifikate gee vir Nasionale Verteenwoordiging en nie volle kleure nie. Mnr. Joubert meld ook dat ons so gepoog het om die span vol te kry dat ons standaard in die slag gebly het. Die vergadering stem saam met Mnr. Le Roux en sal daar van nou af vir daardie ouderdomsgroep slegs Goue Sertifikate gegee word.

5.3 Kleredrag:

'n Definitiewe besluit word geneem en sal die drag volgende jaar as volg daarna uitsien:

Maroen Gholfhemp
Windbreaker
Swart Broek
Swart Skoene

Hierdie drag sal beide dien as drag vir die optog sowel as die prysuitdeling.

5.4 Dinee

Me. Jansen van Niewenhuizen meld dat die persone wat die Nasionale Jeugskou bygewoon het, baie ontevrede was oor die dinee.

Die skole wat nie die dinee kon bywoon nie, was bloot een kant geplaas en het dit ‘n baie negatiewe beeld geskep.

Mnr. Joubert stem saam dat die aangeleentheid verkeerd hanteer was, maar was die doel dat almal die dinee moes bywoon, maar kom dit weer daarop neer dat almal dit nie kon bekostig nie.

5.5 Mpumalanga Jeugskoue vir 2012

Die Mpumalanga Jeugskou vir 2012 sal as volg plaasvind:

23 Februarie 2012 te Volksrust
24 Mei 2012 te Middelburg (Pienaarsdam)
19 Julie 2012 te Morgenzon

‘n Besluit is geneem dat al drie hierdie skou verpligtend sal wees vir toelating tot die Mpumalanga Jeugskou-span. Individuele gevalle waar ‘n leerder ‘n skou nie kon bywoon nie sal op ‘n spesiale vergadering oorweeg word.

Menings word gelug dat leerders gekies moet word vir die Jeugskou-span op grond van persentasies behaal. Dus dat ‘n leerder ‘n gemiddeld van ten minste 60% moet handhaaf om verkiesbaar te wees. Sodoende word die standaard van die Mpumalanga kleure verhoog. Mnr. Jansen van Niewenhuizen voel egter dat ons kinders wat nie die minimum persentasie behaal het nie, deur ons beoordeelaars gehelp moet word en geleer moet word voor

Nasionale Jeugskou, om sodoende die standaard van hul kompetisie te verhoog. Geen definitiewe besluit word egter geneem nie.

5.6 Finansies

Mnr. Joubert dui aan dat daar huidiglik R46 000.00 in die bank beskikbaar is.

Inskrywingsgelde vir volgende jaar sal weer R100.00 beloop en dan saam met dit die kostes vir ‘n hemp en ‘n hoed. Die klere hoef egter net eenmalig aangekoop te word.

Daar sal gepoog moet word om ‘n hoof borg te kry. Mnr. Le Roux noem dat ons dit nou reeds sal moet doen aangesien die jaareindes vir die maatskappye in Januarie en Februarie plaasvind. Voorleggings kan moontlik aan die volgende instansies gemaak word:
FNB, VKB, BKB, OTK en TWK. Mnr. Haarhoff noem dat ons ook kan probeer om by die Munisipaliteite borge te kry.

Me. Jansen van Niewenhuizen maak die aanbod dat indien dit ‘n borg kan oorreed ons kan noem dat ons bereid is om op ons Mpumalanga-hempies hulle embleem te borduur. Sy sal die borduur werk vir ons doen.

Mnr. Le Roux wil graag weet of dit moontlik is om ‘n aparte rekening oop te maak vir die Nasionale Jeugskou se uitgawes. Mnr. Joubert dui aan dat dit moeilik is aangesien mense wat borge sal gee gaan twyfel as dit in ‘n ander rekening ingaan. Wat wel gedoen kan word is om verskillende afdelings binne die een rekening te skep. Me. Van der Merwe dui aan dat die Sekretaresse net goed sal moet boek hou van alle gelde.

‘n Besluit word geneem dat ‘n jaarlikse honorarium van R1 000.00 aan die Sekretaresse betaal sal word ten aansien van die uitgawes deur haar aangegaan. Die bedrag mag jaarliks heroorweeg word.

5.7 Prysuitdeling:

Die prysuitdelings by die Jeugskoue sal beter hanteer moet word en netjieser aangebied moet word.

Mnr. Joubert dui aan dat die ouers nie bereid is om te wag vir prysuitdelings nie en is dit die rede waarom dit nie meer ‘n algehele prysuitdeling is nie.

‘n Besluit word geneem dat elke afdeling se prysuitdeling steeds sal plaasvind sodra die punte beskikbaar is, maar dat dit by ‘n sentrale punt sal wees en dat daar ten minste ‘n kateter sal wees om sodoende meer prestige aan die geleentheid te bied.

Mnr. Joubert bedank almal vir hulle bywoning en die vergadering verdaag.

_____	_____
Mnr. F. Joubert	Mnr. P.J. Haarhoff
Voorsitter	Ondervoorsitter